
SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za




You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za

Province of the EASTERN CAPE EDUCATION

# NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT

# GRAAD 12

# SEPTEMBER 2023

# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V3 NASIENRIGLYN

**PUNTE: 100**

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 19 bladsye wat drie rubrieke insluit.

SA EXAM PAPERS

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za



## SKRYF EN AANBIED

## ALGEMENE RIGLYNE BY DIE ASSESSERING VAN VRAESTEL 3

1. Gebruik die rubrieke soos volg:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | VRAAG 1 | OPSTEL |
| AFDELING B: | VRAAG 2.1 | INFORMELE BRIEF |
| | VRAAG 2.2 | KOERANTARTIKEL |
| | VRAAG 2.3 | E-POS |
| | VRAAG 2.4 | INFORMELE TOESPRAAK |
| AFDELING C: | VRAAG 3.1 | WHATSAPP BOODSKAP |
| | VRAAG 3.2 | DAGBOEKINSKRYWING |
| | VRAAG 3.3 | INSTRUKSIES |

2. Bestudeer die rubrieke baie deeglik. Let veral daarop dat beplanning, formaat, redigering en struktuur by die rubrieke ingesluit is.

3. As ŉ onderwerp misgetas is, word die kandidaat streng gepenaliseer m.b.t die inhoud (ŉ baie lae punt), maar die taal word normaalweg nagesien.

4. Indien ŉ skryfstuk **grootliks uit die vraestel saamgeflans** word of dele van opdragte uit die vraestel net so oorgeskryf word, ontvang die kandidaat **geen punte** nie. Kommentaar sal wees: **Nie eie werk nie/Saamgeflans**. Indien dele van die skryfstuk wel die kandidaat se eie werk is, word hierdie dele volgens die laagste kode geassesseer.

5. Voorgeskrewe nasiensimbole (bladsy 3) moet by die nasien van ŉ skryfstuk gebruik word.

6. Die kandidaat word nie gepenaliseer indien hy/sy minder as die minimum of meer as die maksimum woorde gebruik nie.

7. **Visuele tekste: VRAAG 1.6–1.8**

   - Die titel en die visuele prikkel behoort bymekaar aan te sluit.
   - Indien die titel nie by die visuele prikkel pas nie, maar die inhoud spreek steeds die visuele prikkel aan, word die titel geïgnoreer.
   - Die onderwerpe kan verhalend, beskrywend, bespiegelend, beredenerend of argumenterend wees. Die prente dien slegs as prikkels.

8. By die nasien van die inhoud van skryfstukke word ŉ holistiese benadering gevolg; m.a.w. ons fokus nie rigied op die verkeerde spelling van ŉ afsonderlike woord(e) binne die konteks van die sin nie.

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za



**SIMBOLE/TEKENS BY DIE NASIEN**

Die volgende simbole/tekens behoort gebruik te word:

| VERDUIDELIKING | SIMBOOL | BESKRYWING |
|---|---|---|
| Woordorde | (…) → | Hakies/pyltjie |
| Spelfout | = | Twee strepies onder 'n woord |
| Woordkeuse | / | Haal met 'n streep deur |
| Tydfoute | **T** (in kantlyn) | Hoofletter **T** |
| Woord(e) weggelaat | **Λ** | Weglaatteken |
| Taalfoute | ______ | Enkelstreep onder die taalfout |
| Paragraafindeling | // | Dubbele skuinsstreep |
| Paragraaf is een lang, lomp sin | **[** | Begin van nuwe sin |
| Woorde uit ander tale/ nie-funksionele/vreemde woorde<br>• Standaardafrikaans bly die norm.<br>• Gebruiksafrikaans moet vermy word.<br>• Aanvaar terminologie waarvoor Afrikaans nog nie ekwivalente het nie.<br>• Aanvaar ook gemotiveerde Afrikaanse streekswoorde/ streeksuitdrukkings. | **X** | Trek X oor die verkeerde woord |
| Erkenning van taaljuweeltjies | √ (bo die woord) | Regmerkie bokant goeie taalgebruik, idees of uitdrukkings. |
| Herhaling | **hh** (in kantlyn) | Dubbele **hh** |
| Onduidelik/ onverstaanbaar | ∫ (in die kantlyn) | Kronkelstreep |
| Saamgeflans uit die vraestel | **O** | Omkring |
| Punktuasie | **Vr** (in die kantlyn) | Hoofletter **V** en kleinletter **r** |

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za



**NEERSKRYF VAN PUNTE**

1. Gebruik die korrekte rubriek vir elke tipe skryfstuk.

2. Assesseer die leerder se skryfstukke na aanleiding van die **vyf VAARDIGHEIDSVLAKKE** volgens:

   AFDELING A: **INHOUD en BEPLANNING** (30 punte), **TAAL, STYL en REDIGERING** (15 punte) en **STRUKTUUR** (5 punte).

   AFDELING B: **INHOUD, BEPLANNING en FORMAAT** (18 punte), **TAAL, STYL en REDIGERING** (12 punte).

   AFDELING C: **INHOUD, BEPLANNING en FORMAAT** (12 punte), **TAAL, STYL en REDIGERING** (8 punte).

3. 
   - Bepaal heel eers in watter hoofvlakomskrywing die skryfstuk val, byvoorbeeld KNAP.
   - Bepaal vervolgens of die skryfstuk in die hoë- of laevlaksubkategorie val, byvoorbeeld KNAP Hoog.
   - Assesseer dan watter punt die skryfstuk verdien. Skryf slegs een punt neer, byvoorbeeld uit die kategorie (22–24) kies en skryf die nasiener 22 uit 30 vir Inhoud en Beplanning.
   - Dieselfde werkswyse word by Taal, Styl en Redigering gevolg.

4. Hou die **puntetoekenning** by die kategorieë in gedagte. Dis 'n hulpmiddel.

5. Vir AFDELING B en C: Evalueer eers die leerder se skryfstuk volgens INHOUD, BEPLANNING EN FORMAAT, byvoorbeeld UITSONDERLIK, GEMIDDELD of ONVOLDOENDE is. Bepaal daarna watter punt toegeken moet word. Skryf net EEN punt neer. Dieselfde geld vir TAAL, STYL EN REDIGERING.

6. Skryf die punte soos volg neer:

| AFDELING A | Kode | Punt |
|---|---|---|
| I/B | Knap **+** | 22 |
| T/S/R | Uitsonderlik **–** | 13 |
| S | Knap | 4 |
| **TOTAAL:** | | 39 |

| AFDELING B | Kode | Punt |
|---|---|---|
| I/B/F | Gemiddeld | 10 |
| T/S/R | Elementêr | 5 |
| **TOTAAL:** | | 15 |

**TAALVAARDIGHEID: SKRYF EN AANBIED**

Hierdie nasienriglyn moet saam met die aangehegte Afrikaans EAT-assesseringsrubrieke vir AFDELINGS A, B en C gebruik word.

**LET WEL:** Kandidate word nie addisioneel gepenaliseer vir afwykings nie, want die rubrieke maak daarvoor voorsiening.


SA EXAM PAPERS

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za



## ANALISE VAN VRAESTEL

## AFDELING A: OPSTEL

1.1 **Is Suid-Afrika nog die land om in te bly?**

- Hierdie opstel leen hom die beste tot die volgende opsteltipes:
  - **Verhalende opstel**: Hier vertel die kandidaat op ŉ interessante wyse waarom hy/sy dink dat Suid-Afrika nog die land is om in te bly. Die kandidaat kan in sy/haar vertelling die klem laat val op die redes waarom hy/sy glo dat dit voordelig is om nog in Suid-Afrika te bly. Die kandidaat kan ook redes aanvoer oor waarom Suid-Afrika nie meer die land is om in te bly nie. Die kandidaat kan ook stories van verskillende mense vertel wat meen dat Suid-Afrika nog die land is om in te bly, al dan nie.

  - **Bespiegelende opstel**: Hier bespiegel die kandidaat oor hoekom hy/sy dink Suid-Afrika nog die land is om in te bly of dat dit nie meer die land is om in te bly nie. Die kandidaat kan ook bespiegel oor die redes waarom hy/sy meen dat Suid-Afrika nog die land is om in te bly. Die kandidaat oordink sy/haar siening van Suid-Afrika en waarom hy/sy vir of teen Suid-Afrika as ŉ land om in te bly is.

  - **Beskrywende opstel**: Hier beskryf die kandidaat Suid-Afrika as ŉ land en watter aspekte van die land hom/haar laat dink dat Suid-Afrika nog ŉ land is om in te bly of dat Suid-Afrika nie meer ŉ land is om in te bly nie. Die kandidaat kan ook uitbrei oor die talle geleenthede wat die land bied, al dan nie.

  - **Argumenterende opstel**: Hier neem die kandidaat reg van die begin af standpunt in, nl. Ja, Suid-Afrika is nog die land om in te bly, of Nee, Suid-Afrika is nie meer die land om in te bly nie. Die kandidaat brei volledig uit oor die redes vir sy/haar keuse. Geldige punte moet gelig word om sy/haar argumente te staaf.

- Die kandidaat kan enige tipe opstel aanbied.
- Assesseer die opstel sonder vooroordeel vanuit die kandidaat se oogpunt en volgens sy/haar interpretasie. **[50]**



SA EXAM PAPERS

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za



1.2 **Dis waarom ek vandag hier is ...**

- Hierdie opstel leen hom die beste tot die volgende opsteltipes:
  - **Beskrywende opstel**: Hier beskryf die kandidaat op ŉ lewendige wyse waarom hy/sy vandag is waar hy/sy is. Daar kan uitgebrei word op die aanloop tot nou en die kandidaat kan gebeure en insidente beskryf wat hom/haar tot hier gebring het. Die kandidaat kan ook beskryf wie hom/haar gehelp het om te kom tot waar hy/sy vandag is.
  - **Verhalende opstel**: Hier vertel die kandidaat op ŉ interessante, lewendige, kreatiewe wyse ŉ storie waarom hy/sy vandag hier is. Daar kan uitgebrei word oor wat als die kandidaat deurgemaak het asook watter gevoelens hy/sy ervaar oor hoe ver hy/sy gekom het. Die kandidaat kan uitbrei oor sy/haar skoolloopbaan, plek, beroep asook sy/haar gevoelens hieroor.
  - **Bespiegelende opstel:** Hier dink die kandidaat aan gebeurtenisse en insidente wat hom/haar tot hier gebring het. Die kandidaat bespiegel oor dit wat hom/haar gebring het tot waar hy/sy vandag is. Die kandidaat kan bespiegel oor sy/haar skoolloopbaan, beroep en ook die emosionele sy van waar hy/sy vandag is.

- Die kandidaat kan enige tipe opstel aanbied.
- Assesseer die opstel sonder vooroordeel vanuit die kandidaat se oogpunt en volgens sy/haar interpretasie. **[50]**

1.3 **Beurtkrag is nou deel van ons daaglikse bestaan.**

- Hierdie opstel leen hom die beste tot die volgende opsteltipes:
  - **Beskrywende opstel**: Hier beskryf die kandidaat waarom hy/sy dink dat beurtkrag nou deel is van ons daaglikse bestaan. Die kandidaat kan fokus op die redes waarom hy/sy so dink en wat hy/sy dink moontlike oplossings vir beurtkrag is.
  - **Bespiegelende opstel:** Hier oordink/bespiegel die kandidaat oor beurtkrag en die impak wat dit op ons daaglikse bestaan het. Die kandidaat kan uitbrei oor die nadele van beurtkrag en wat moontlik gedoen kan word om dit te voorkom of te laat afneem.
  - **Verhalende opstel**: Hier vertel die kandidaat op ŉ interessante wyse ŉ storie oor mense of iemand wat nadelig deur beurtkrag getref is en wat die gevolge daarvan was. Die kandidaat se fokus kan op meer as een insident wees.



SA EXAM PAPERS

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za



- **Argumenterende opstel**: Die kandidaat neem reg van die begin af standpunt in, naamlik: "Beurtkrag is deel van ons daagikse bestaan", of "Beurtkrag is nie deel van ons daaglikse bestaan nie" en dat dit binnekort iets van die verlede gaan wees. Die kandidaat motiveer sy/haar standpunt deur voorbeelde en statistieke te noem. Die kandidaat gee ook grondige redes vir sy/haar standpunt.

- Die kandidaat kan enige tipe opstel aanbied.
- Assesseer die opstel sonder vooroordeel vanuit die kandidaat se oogpunt en volgens sy/haar interpretasie. **[50]**

1.4 **Ek gaan skool mis.**

- Hierdie opstel leen hom die beste tot die volgende opsteltipes:
  - **Verhalende opstel**: Hier vertel die kandidaat op 'n interessante wyse 'n storie oor hoekom hy/sy sê dat hy/sy skool gaan mis. Die kandidaat kan in die vertelling uitbrei oor als wat hy/sy van skool gaan mis. Die fokus is op talle staaltjies wat skool lekker gemaak het en hoekom skool gemis gaan word.

  - **Beskrywende opstel**: Hier beskryf die kandidaat op 'n lewendige wyse hoekom hy/sy skool gaan mis en wat dit is wat skool lekker gemaak het. Die kandidaat kan uitbrei oor al die aktiwiteite van skool en hoekom hy/sy dit gaan mis.

  - **Bespiegelende opstel**: Hier bespiegel die kandidaat oor watter rol skool in jongmense se lewens speel en wat als oor skool gemis kan word.

- Die kandidaat kan enige tipe opstel aanbied.
- Assesseer die opstel sonder vooroordeel vanuit die kandidaat se oogpunt en volgens sy/haar interpretasie. **[50]**

1.5 **Waarheen na matriek?**

- Hierdie onderwerp leen hom die beste tot die volgende opsteltipes:
  - **Beskrywende opstel**: Hier beskryf die kandidaat op 'n lewendige wyse wat hy/sy van plan is om na matriek te doen, bv. om verder te studeer, dalk oorsee te gaan, te gaan werk, ens. Die kandidaat kan ook uitbrei oor sy/haar onsekerheid oor wat na matriek gedoen sal word.

  - **Verhalende opstel**: In 'n verhalende opstel vertel die kandidaat op 'n interessante wyse 'n storie oor wat hy/sy van plan is om na matriek te doen of wat dalk na matriek sal gebeur. Die kandidaat kan in die vertelling uitbrei oor sy/haar planne na matriek.
    Die kandidaat kan ook oor sy/haar onsekerheid van 'n matriek laat deurskemer.


SA EXAM PAPERS

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za



- **Bespiegelende opstel**: Hier bespiegel/wonder/oorweeg die kandidaat die rigting wat hy/sy na matriek kan inslaan. Die kandidaat kan ook bepeins oor die moontlikhede of geleenthede na matriek. In die opstel kan die kandidaat sy/haar onsekerheid oor wat na matriek volg, laat deurskemer.

- Die kandidaat kan enige tipe opstel aanbied.
- Assesseer die opstel sonder vooroordeel vanuit die kandidaat se oogpunt en volgens sy/haar interpretasie. **[50]**

**VISUELE PRIKKELS**

- Die inhoud van die opstel moet by die visuele prikkel pas. Die nasiener moet onthou dat hierdie visuele prikkels vir ʼn verskeidenheid interpretasies oop is. Die kandidaat se perspektief moet by assessering oorweeg word.
- Die vrae is só geformuleer en die prente só gekies dat ʼn persoonlike inkleding van die gekose onderwerp/prent van die kandidaat verwag word.
- ʼn Opstel kan ook elemente van verskillende tipes opstelle bevat.

1.6. **PRENTJIE: SPORT**

- Die kandidaat kan enige tipe opstel aanbied.
- Letterlike interpretasie: ʼn Sportmal nasie. Die voordele en nadele van sport. Die kandidaat se gunstelingsport, ens.
- Figuurlike interpretasie: ʼn Gesonde liggaam huisves ʼn gesonde gees.

- Assesseer die opstel sonder vooroordeel vanuit die kandidaat se oogpunt en volgens sy/haar interpretasie. **[50]**

1.7 **PRENTJIE: HAND MET GELD**

- Die kandidaat kan enige tipe opstel aanbied.
- Letterlike interpretasie: Iemand wat baie geld verdien of dalk gewen het. Die voordele en nadele van geld. Suid-Afrika se geld – hoe dit lyk en wat daarop staan, ens.
- Figuurlike interpretasie: “geld wat stom is maak reg wat krom is.” Die waarde van geld vir mense en wat mense alles vir geld sal doen.

- Assesseer die opstel sonder vooroordeel vanuit die kandidaat se oogpunt en volgens sy/haar interpretasie. **[50]**

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za



1.8 **PRENTJIE: MENSE WAT MEKAAR HELP**

- Die kandidaat kan enige tipe opstel aanbied.
- Letterlike interpretasie: Mense wat mekaar in moeilike tye help. Ons het mekaar nodig. Jy't ander mense nodig om bo uit te kom/spanwerk.
- Figuurlike interpretasie: 'n Helpende hand. Hande uitstrek om ander te help, ens.

- Assesseer die opstel sonder vooroordeel vanuit die kandidaat se oogpunt en volgens sy/haar interpretasie. **[50]**

**TOTAAL AFDELING A: 50**



SA EXAM PAPERS

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za



## AFDELING B: LANG TRANSAKSIONELE TEKS

### 2.1 INFORMELE BRIEF

**FOKUS**

Die kandidaat skryf **'n Informele Brief** aan sy/haar vriend/vriendin om hom/haar in te lig oor hoe jy oor sy/haar gedrag en drinkery voel. Die kandidaat kan uitbrei oor die gevaar of nadele van sulke gedrag asook die moontlikheid van verslawing.

**KENMERKE**

- Die brief is informeel, dog vriendelik, maar terselfdertyd teleurstellend van aard.
- Die taal en styl van die brief is informeel.
- Die kandidaat spreek die vriend/vriendin direk aan.
- In die brief moet die kandidaat die vriend/vriendin vertel hoe teleurgesteld hy/sy is in die vriend/vriendin se gedrag en drinkery.
- Die toon, styl en keuse moet by die verwantskap tussen die kandidaat en die vriend/vriendin pas.
- Vermy slordige taal, slengwoorde en SMS-taal.

**FORMAAT**

Die formaat van die brief moet korrek wees:

**Leestekens**
- Geen leestekens word in die adres, aanhef of slot gebruik nie.

**Die adres en datum**
- Die adres van die briefskrywer moet regs boaan in blokvorm geskryf word.
- Daar behoort nie 'n reël tussen die poskode en die datum oopgelaat te word nie.

**Toegewing**: 'n Reël kan tussen die poskode en datum oopgelaat word.
- Die datum word voluit geskryf: 28 September 2023.
- Let op die verskillende wyses waarop die adres geskryf kan word. Verwys na bladsy 11.

**Die aanhef, afsluiting en slot**
- Aanhef: "Beste of Liewe" word gebruik; dit word teen die linkerkantlyn geskryf.
- Groete/Liefdegroete kry 'n punt aan die einde.



SA EXAM PAPERS

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za



**Die paragrawe**

- ’n Reël word tussen die paragrawe oopgelaat.
- Die inleidingsparagraaf stel die rede vir die brief duidelik, byvoorbeeld dat die briefskrywer die vriend/vriendin sê hoe teleurstellend die vriend/vriendin se gedrag en drinkery was.
- Die liggaam van die brief brei uit op die rede vir die brief. Die briefskrywer brei uit oor waarom hy/sy dink dat die vriend/vriendin se drinkery ’n probleem is.
- Die slotparagraaf moet die brief saamvat.

**Voorbeelde van die briefskrywer se adres:**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Kerkstraat 1<br>Uitbreiding/Voorstad<br>Pleknaam<br>Kode | Posbus 88<br>Pleknaam<br>Kode | Huis 342<br>Pleknaam<br>Kode | Plot 588<br>Pleknaam<br>Kode |
| Rusthof<br>Pleknaam<br>Kode | Sewende Laan 10<br>Westdene<br>Kode | Of<br>Sewendelaan10 | |

Let op die volgende: **Kerkstraat** is altyd een woord omdat dit ’n samestelling van TWEE soortname is. **Arcadia Straat** is ’n samestelling tussen ’n eienaam en ’n soortnaam en daarom kan dit soos volg geskryf word: Arcadiastraat, Arcadia Straat, Arcadia straat, Arcadia-straat, Arcadia-Straat. (*AWS*, 2009 bladsy 121).

Geen Engels behalwe amptelike Engelse name, bv. Mandela Square, word aanvaar nie. **[30]**

2.2 **KOERANTARTIKEL**

**FOKUS**

Die kandidaat skryf ’n KOERANTARTIKEL oor die toename in vandalisme en inbrake in sy/haar gemeenskap.

**KENMERKE**

- Die koerantartikel se formaat is duidelik herkenbaar.
- Die aanslag is formeel en saaklik en die perspektief is objektief.
- Dit doel van hierdie teks is om die toenemende vandalisme en inbrake in die gemeenskap uit te lig en die publiek se aandag daarop te vestig.
- Die titel vat die onderwerp saam.
- Die koerantartikel word in die teenwoordige tyd geskryf.
- Die koerantartikel word in die derde persoon geskryf.
- Feite of inligting moet korrek wees.
- Dit is kort en bondig.
- Die toon is saaklik en informatief.
- Die idees/inligting is logies, geloofwaardig en duidelik uiteengesit.
- Net die nodigste detail word gebruik om die idees uit te brei.
- Die grammatika en spelling geniet aandag.

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za



**FORMAAT**
- Die koerantartikel het ŉ titel wat ŉ aanduiding van die inhoud gee.
- Die joernalis se naam volg na die onderwerp.
- Die artikel kan in paragrawe of kolomme aangebied word.
- Die meeste feite word in die eerste paragraaf gegee. Die daaropvolgende paragrawe brei daarop uit.
- Die slotparagraaf vat die artikel saam.

**[30]**

2.3 **E-POS**

**FOKUS**
Die kandidaat skryf ŉ E-POS om oor die 60 minute diens van Checkers te kla.

**KENMERKE**
- Die e-pos het ŉ bepaalde formaat wat herkenbaar en korrek moet wees.
- Die aanslag is formeel met bepaalde skryfkonvensies.
- Die onderwerp gee ŉ aanduiding van die e-pos se inhoud.
- Die doel van die e-pos moet duidelik wees, nl. om oor die 60 minute diens te kla.
- Die e-pos behoort 120–150 woorde te hê.

**INHOUD, INSLUITEND IDEES EN DETAIL**
- Die inhoud van die e-pos moet die fokus ondersteun.
- Gepaste detail brei die idees uit, nl. die swak diens, die lang wag, ens.

**FORMAAT**
- Die e-pos het geen leestekens in die aanhef en slot nie.

**Elemente van die e-pos**

**AAN**
Ontvanger se e-posadres

**AA/CC**
Die ontvangers vir wie se aandag die e-pos ook gestuur word.

**ONDERWERP**
Dit is ŉ opsomming van die inhoud van die e-pos. Dit moet kort en kragtig wees.

**[30]**


SA EXAM PAPERS

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za



**AANHEF, DOEL EN AFSLUITING**

- Die aanhef word teen die linkerkantlyn geskryf en is formeel.
- Die doel van die e-pos moet duidelik blyk.
- Geen leestekens word na "Die uwe" in die slot gebruik nie.
- Die skrywer van die e-pos kan sy/haar naam/voorletters en van gee.
- Die kandidaat hoef nie die e-pos te onderteken nie.

**Die paragrawe**
- 'n Reël word tussen paragrawe oopgelaat.
- Die inleidingsparagraaf stel die doel vir die e-pos duidelik, nl. dat die skrywer ontevrede met die 60 minute diens van Checkers is.
- Die liggaam van die e-pos brei uit oor die ontevredenheid van die skrywer.
- Die slotparagraaf moet die e-pos saamvat en treffend wees – die kandidaat spreek die vertroue uit dat iets oor die probleem gedoen sal word.

**Die taal en styl**
- Die taal en styl is formeel.
- Die toon is informatief om die skrywer se klagte te ondersteun.
- Goeie grammatika en woordkeuse geniet aandag.
- Vermy sleng, afkortings, emotikons en ander informele terminologie.

2.4 **INFORMELE TOESPRAAK**

**FOKUS**
Die kandidaat lewer 'n TOESPRAAK by die partytjie vir sy/haar ouers se 25ste huweliksherdenking.

**KENMERKE**
- Die informele toespraak het 'n bepaalde formaat wat herkenbaar en korrek is.
- Die rede vir die toespraak word reg aan die begin, net na die groet, gestel, nl. gelukwensing van die ouers.
- Die doel van hierdie toepsraak is om die ouers geluk met hulle 25ste huweliksherdenking te wens.
- Gepaste detail en staaltjies uit die ouers se 25 jaar van hul huwelik word uitgelig.
- Die aanspreekvorm, taal en styl is informeel en gemaklik. **[30]**

**TOTAAL AFDELING B: 30**

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za



## AFDELING C: KORTER TRANSAKSIONELE TEKS

### VRAAG 3

### 3.1 WHATSAPP BOODSKAP

**FOKUS**
Die kandidaat skryf 'n **kort teksboodskap** aan sy/haar onderwyser waarin hy/sy verduidelik waarom hy/sy die ekstra Afrikaansklasse gemis het.

**KENMERKE**
- Die kort teksboodskap het 'n bepaalde formaat wat herkenbaar en korrek moet wees.
- Die aanslag is informeel. SMS-taal word nie aanvaar nie.
- Die doel van die teksboodskap moet duidelik wees, nl. om te verduidelik waarom hy/sy die ekstra Akrikaansklasse gemis het.
- Die kort teksboodskap behoort 80–100 woorde te hê.

**INHOUD, INSLUITEND IDEES EN DETAIL**
- Die inhoud moet die fokus ondersteun.
- Die inhoud is persoonlik van aard.
- Die kandidaat se redes vir afwesigheid moet duidelik wees.
- Gevoelens en gedagtes word beskryf.

**FORMAAT**
- Dit is beleefd om eers te groet voordat jy die boodskap skryf.
- Die uiteensetting mag in paragraafvorm wees.
- Die tyd wanneer die boodskap gestuur is, word in die laaste reël of onderaan in die regterkantste hoek geskryf.

**TAAL EN STYL**
- Die toon is persoonlik.
- Die styl is informeel.
- Die woordkeuse getuig van die kandidaat se vermoë om sy/haar gedagtes en emosies met min woorde te beskryf.
- Beskrywende woorde word fyn gekies.
- Die persoon skryf in die teenwoordige / toekomende tyd.
- Vermy SMS-taal en afkortings. **[20]**

### 3.2 DAGBOEKINSKRYWING

**FOKUS**
Die kandidaat doen TWEE dagboekinskrywings oor die dag voor en die dag na die dissiplinêre komitee se verhoor.

- EEN inskrywing oor die dag voor die dissiplinêre verhoor.
- EEN inskrywing oor die dag na die dissiplinêre verhoor.

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za



**KENMERKE**
- Die dagboek is 'n informele skryfstuk wat spreek van die kandidaat se ervaring toe hy/sy voor die dissiplinêre verhoor moet verskyn.
- Gevoelens/ervarings word beskryf.
- Die dagboek word in die eerste persoon geskryf.
- Die inhoud ondersteun die kandidaat se gevoelens en ervarings tydens sy/haar verhoor.
- Toon, styl en woordkeuse moet die inhoud ondersteun.

**FORMAAT**
- Die kandidaat moet TWEE inskrywings maak.
- Elke dagboekinskrywing moet die dag en/ of datum hê wat boaan geskryf word.
- Dis nie nodig om Liewe Dagboek te skryf nie.
- Skryf kort en bondig en fokus net op die nodige gedagtes en gevoelens.
- Die styl kan informeel wees.
- Die uiteensetting van die inskrywing mag in paragraafvorm wees.

**[20]**

3.3 **INSTRUKSIES**

**FOKUS**
Die kandidaat gee SEWE (**7**) instruksies oor hoe om 'n goeie vriend/in te wees.

**KENMERKE**
- Die instruksies moet maklik verstaanbaar uiteengesit word.
- Die inligting is bedoel om leiding te gee oor hoe om 'n goeie vriend te wees.
- Toon, styl en woordkeuse moet vriendelik, eenvoudig en duidelik en informatief wees.

**FORMAAT**
- Die uiteensetting mag soos volg aangebied word:
  - ➢ Puntsgewys
  - ➢ Reëls moet tussen-in oopgelaat word.
  - ➢ Ander aanduiders soos koeëlpunte kan gebruik word.
  - ➢ Paragraafvorm
- Die skryfstuk mag 'n opskrif hê.
- Die instruksies moet in volsinne aangebied word.
- Die sinne hoef nie met werkwoorde te begin nie. Die instruksies kan met JY ... /Ek ..., ens. begin.

**TAAL EN STYL**
- ➢ Die toon is verduidelikend.
- ➢ Die aanspreekvorm, taal en styl is informeel en gemaklik.
- ➢ Die grammatika en spelling geniet aandag.
- ➢ Die kandidaat moet met die gebruik van min woorde inligting kan gee.

**[20]**

**TOTAAL AFDELING C: 20**
**GROOTTOTAAL: 100**


SA EXAM PAPERS

**LET WEL:**

- Gebruik altyd die rubriek by die nasien van die opstel (Vraestel 3, AFDELING A).
- Punte van 0–50 is in VYF hoofvlakomskrywings verdeel.
- Die kriteria vir Inhoud, Taal en Styl is verder in elk van die vyf vlakomskrywings in ’n hoë- en laevlaksubkategorie verdeel, met die toepaslike verspreiding van punte en die omskrywings.
- Struktuur word nie deur die verdeling in ’n hoë en lae vlak beïnvloed nie.

**ASSESSERINGSRUBRIEK VIR OPSTEL (AFDELING A) – EERSTE ADDISIONELE TAAL [50 PUNTE]**

| Kriteria | | Uitsonderlik | Knap | Gemiddeld | Elementêr | Onvoldoende |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **INHOUD EN BEPLANNING**<br><br>(Respons en idees) Organisering van idees vir beplanning; Bewustheid van doel, gehoor en konteks<br><br>**30 PUNTE** | **Hoë vlak** | **28–30** | **22–24** | **16–18** | **10–12** | **4–6** |
| | | - Respons is uitsonderlik/treffend en bo verwagting.<br>- Idees is intelligent, volwasse en stem leser tot nadenke.<br>- Uitsonderlike organisasie en samehang, insluitend inleiding, liggaam en samevatting/slot. | - Respons baie goed; getuig van vaardigheid.<br>- Idees heeltemal relevant, interessant en lewer bewys van volwassenheid.<br>- Organisasie baie goed en samehangend, insluitend inleiding, liggaam en samevatting/slot. | - Respons bevredigend.<br>- Idees redelik samehangend en oortuigend.<br>- Redelike organisasie en redelik samehangend, insluitend inleiding, liggaam en samevatting/slot. | - Wisselvallige samehang in respons.<br>- Idees onduidelik, nie oorspronklik nie.<br>- Min bewys van organisasie en samehang. | - Respons heeltemal irrelevant.<br>- Idees deurmekaar en nie op onderwerp gefokus nie.<br>- Vaag en herhalend.<br>- Geen organisasie nie en is onsamehangend. |
| | **Lae vlak** | **25–27** | **19–21** | **13–15** | **7–9** | **0–3** |
| | | - Respons uitmuntend, maar uitsonderlik treffende eienskappe van ’n opstel ontbreek.<br>- Idees intelligent en volwasse.<br>- Knap organisasie en samehang, insluitend inleiding, liggaam en samevatting/slot. | - Respons goed; getuig van vaardigheid.<br>- Idees relevant, interessant.<br>- Organisasie goed en samehangend, insluitend inleiding, liggaam en samevatting/slot. | - Respons bevredigend, maar verval soms in onduidelikheid.<br>- Idees redelik<br>- samehangend en oortuigend.<br>- ’n Mate van organisasie en samehang, insluitend inleiding, liggaam en samevatting/slot. | - Respons is grootliks irrelevant.<br>- Idees begin los staan en kan verwarrend wees.<br>- Skaars ’n bewys van organisasie en samehang. | - Geen poging aangewend om in ooreenstemming met onderwerp te wees nie.<br>- Heeltemal irrelevant en ontoepaslik.<br>- Deurmekaar en geen fokus nie. |



SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za



## ASSESSERINGSRUBRIEK VIR OPSTEL (AFDELING A) – EERSTE ADDISIONELE TAAL [50 PUNTE] (vervolg)

| Kriteria | | Uitsonderlik | Knap | Gemiddeld | Elementêr | Onvoldoende |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **TAAL, STYL EN REDIGERING**<br><br>Toon, register, styl en woordeskat is geskik vir doel/effek en konteks;<br>Woordkeuse;<br>Taalgebruik en konvensies, punktuasie, grammatika, spelling<br><br>**15 PUNTE** | **Hoë vlak** | **14–15**<br>- Toon, register, styl en woordeskat hoogs gepas vir doel, gehoor en konteks.<br>- Taalgebruik getuig van vertroue, indrukwekkend<br>- Toon retories treffend en effektief.<br>- Grammatika en spelling feitlik foutvry.<br>- Knap gedaan. | **11–12**<br>- Toon, styl, register en woordeskat baie gepas vir doel, gehoor en konteks.<br>- Taalgebruik effektief en 'n deurlopende gepaste toon word gebruik.<br>- Grammatika en spelling grootliks foutvry.<br>- Baie goed gedoen. | **8–9**<br>- Toon, register, styl en woordeskat gepas vir doel, gehoor en konteks.<br>- Gepaste taalgebruik om betekenis oor te dra.<br>- Toon is gepas.<br>- Retoriese middele gebruik om betekenis te versterk. | **5–6**<br>- Toon, register, styl en woordeskat nie gepas vir doel, gehoor en konteks nie.<br>- Taalgebruik baie basies.<br>- Toon en woordkeuse skaars toepaslik.<br>- Baie beperkte woordeskat. | **0–3**<br>- Taal onverstaanbaar.<br>- Toon, register, styl en woordeskat minder gepas vir doel, gehoor en konteks.<br>- Woordeskat so beperk dat dit onmoontlik is om sin te maak. |
| | **Lae vlak** | **13**<br>- Taalgebruik uitstekend en toon is retories effektief.<br>- Grammatika en spelling feitlik foutvry.<br>- Baie goed tot knap gedaan. | **10**<br>- Taalgebruik toepaslik en oor die algemeen effektief.<br>- Toon gepas en effektief.<br>- Enkele foute in grammatika en spelling.<br>- Goed gedoen. | **7**<br>- Voldoende taalgebruik, maar teenstrydighede word opgemerk.<br>- Toon oor die algemeen gepas en beperkte gebruik van retoriese middele. | **4**<br>- Taalgebruik onvoldoende.<br>- Weinig indien enige sinsverskeidenheid.<br>- Woordeskat baie beperk. | |
| **STRUKTUUR**<br><br>Kenmerke van teks; Paragraafontwikkeling en sinskonstruksie<br><br>**5 PUNTE** | | **5**<br>- Uitstekende ontwikkeling van onderwerp.<br>- Uitsonderlike detail.<br>- Sinne en paragrawe uitsonderlik gekonstrueer. | **4**<br>- Logiese ontwikkeling van details.<br>- Samehangend<br>- Sinne en paragrawe logies en toon variasie. | **3**<br>- Relevante detail ontwikkel.<br>- Sinne en paragrawe goed gekonstrueer.<br>- Opstel maak nog effens sin. | **2**<br>- Sommige punte geldig.<br>- Sinne en paragrawe foutief.<br>- Opstel maak nog sin. | **0–1**<br>- Noodsaaklike punte ontbreek.<br>- Sinne en paragrawe foutief.<br>- Opstel maak nie sin nie. |
| **VERSPREIDING VAN PUNTE** | | **43–50** | **33–40** | **23–30** | **13–20** | **0–10** |

Kopiereg voorbehou

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za



## ASSESSERINGSRUBRIEK VIR LANG TRANSAKSIONELE TEKSTE (AFDELING B) – EERSTE ADDISIONELE TAAL [30 PUNTE]

| Kriteria | Uitsonderlik | Knap | Gemiddeld | Elementêr | Onvoldoende |
|---|---|---|---|---|---|
| **INHOUD, BEPLANNING EN FORMAAT** | **15–18** | **11–14** | **8–10** | **5–7** | **0–4** |
| Respons en idees; Organisering van idees vir beplanning; Doel, gehoor, kenmerke/ konvensies en konteks<br><br>**18 PUNTE** | - Respons uitsonderlik, bo verwagting.<br>- Idees intelligent en volwasse.<br>- Grondige kennis van kenmerke van die soort teks<br>- Skryfwerk behou fokus.<br>- Samehang in inhoud en idees.<br>- Idees behoorlik uitgebrei met detail wat die onderwerp ondersteun.<br>- Gepaste en akkurate formaat. | - Respons baie goed en demonstreer goeie kennis van kenmerke van die soort teks.<br>- Behou fokus – geen afwyking nie.<br>- Samehang in inhoud en idees; baie goed uitgebrei met detail wat die onderwerp ondersteun.<br>- Gepaste formaat met onbeduidende foute. | - Respons voldoende en toon voldoende kennis van kenmerke van die soort teks<br>- Nie heeltemal gefokus nie – enkele afwykings<br>- Redelike samehang in inhoud en idees<br>- Sommige detail ondersteun die onderwerp.<br>- Formaat oorwegend gepas, maar met enkele foute. | - Basiese respons toon geringe kennis van kenmerke van die soort teks<br>- Aanduiding van fokus, maar met afwykings<br>- Inhoud en idees nie altyd samehangend nie.<br>- Min detail ondersteun die onderwerp<br>- Nodige reëls van formaat vaagweg toegepas<br>- Kritiese foute begaan. | - Respons toon geen kennis van kenmerke van die soort teks nie<br>- Betekenis onduidelik met groot afwyking.<br>- Geen samehang in idees en inhoud nie<br>- Baie min detail ondersteun die onderwerp.<br>- Nodige reëls van formaat nie toegepas nie. |
| **TAAL, STYL EN REDIGERING** | **10–12** | **8–9** | **6–7** | **4–5** | **0–3** |
| Toon, register, styl, doel/effek, gehoor en konteks;<br>Taalgebruik en konvensies;<br>Woordkeuse;<br>Punktuasie en spelling<br><br>**12 PUNTE** | - Toon, register, styl en woordeskat hoogs geskik vir doel, gehoor en konteks.<br>- Grammatika akkuraat en goed gekonstrueer.<br>- Feitlik foutloos. | - Toon, register, styl en woordeskat baie geskik vir doel, gehoor en konteks.<br>- Grammatika oor die algemeen korrek en goed gekonstrueer.<br>- Baie goeie woordeskat<br>- Oorwegend foutloos. | - Toon, register, styl en woordeskat is geskik vir doel, gehoor en konteks<br>- Enkele grammatikafoute<br>- Voldoende woordeskat<br>- Foute belemmer nie betekenis nie. | - Toon, register, styl en woordeskat minder geskik vir doel, gehoor en konteks.<br>- Grammatika onakkuraat met etlike foute.<br>- Basiese woordeskat<br>- Betekenis belemmer. | - Toon, register, styl en woordeskat stem nie ooreen met doel, gehoor en konteks nie.<br>- Besaai met foute en verward<br>- Woordeskat nie geskik vir doel nie<br>- Betekenis ernstig belemmer. |
| **VERSPREIDING VAN PUNTE** | **25–30** | **19–23** | **14–17** | **9–12** | **0–7** |

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za



**ASSESSERINGSRUBRIEK VIR KORTER TRANSAKSIONELE TEKSTE (AFDELING C) – EERSTE ADDISIONELE TAAL [20 PUNTE]**

| Kriteria | Uitsonderlik | Knap | Gemiddeld | Elementêr | Onvoldoende |
|---|---|---|---|---|---|
| **INHOUD, BEPLANNING EN FORMAAT** | **10–12** | **8–9** | **6–7** | **4–5** | **0–3** |
| Respons en idees;<br>Organisering van idees;<br>Kenmerke/konvensies en konteks<br><br>**12 PUNTE** | - Respons uitsonderlik, bo verwagting.<br>- Idees intelligent en volwasse.<br>- Grondige kennis van kenmerke van die soort teks.<br>- Skryfwerk behou fokus.<br>- Samehang in inhoud en idees.<br>- Idees behoorlik uitgebrei met detail wat die onderwerp ondersteun.<br>- Gepaste en akkurate formaat. | - Respons baie goed en demonstreer goeie kennis van kenmerke van die soort teks.<br>- Behou fokus – geen afwyking nie.<br>- -Samehang in inhoud en idees; baie goed uitgebrei met detail wat die onderwerp ondersteun.<br>- Gepaste formaat met onbeduidende foute. | - Respons voldoende en toon voldoende kennis van kenmerke van die soort teks.<br>- Nie heeltemal gefokus nie – enkele afwykings<br>- Redelike samehang in inhoud en idees<br>- Sommige detail ondersteun die onderwerp.<br>- Formaat oorwegend gepas, maar met enkele foute. | - Basiese respons toon geringe kennis van kenmerke van die soort teks<br>- Aanduiding van fokus, maar met afwykings<br>- Inhoud en idees nie altyd samehangend nie<br>- Min detail ondersteun die onderwerp<br>- Nodige reëls van formaat vaagweg toegepas<br>- Kritiese foute begaan | - Respons toon geen kennis van kenmerke van die soort teks nie<br>- Betekenis onduidelik met groot afwyking<br>- Geen samehang in idees en inhoud nie<br>- Baie min detail ondersteun die onderwerp<br>- Nodige reëls van formaat nie toegepas nie |
| **TAAL, STYL EN REDIGERING** | **7–8** | **5–6** | **4** | **3** | **0–2** |
| Toon, register, styl, woordeskat geskik vir doel en konteks;<br>Taalgebruik en konvensies<br>Woordkeuse;<br>Punktuasie en spelling<br>**8 PUNTE** | - Toon, register, styl en woordeskat hoogs geskik vir doel, gehoor en konteks.<br>- Grammatika akkuraat en goed gekonstrueer.<br>- Feitlik foutloos | - Toon, register, styl en woordeskat baie geskik vir doel, gehoor en konteks.<br>- Grammatika oor die algemeen korrek en goed gekonstrueer.<br>- Baie goeie woordeskat.<br>- Oorwegend foutloos. | - Toon, register, styl en woordeskat is geskik vir doel, gehoor en konteks<br>- Enkele grammatika-foute<br>- Voldoende woordeskat<br>- Foute belemmer nie betekenis nie | - Toon, register, styl en woordeskat minder geskik vir doel, gehoor en konteks<br>- Grammatika onakkuraat met etlike foute<br>- Basiese woordeskat<br>- Betekenis belemmer | - Toon, register, styl en woordeskat stem nie ooreen met doel, gehoor en konteks nie<br>- Besaai met foute en verward<br>- Woordeskat nie geskik vir doel nie<br>- Betekenis ernstig belemmer |
| **VERSPREIDING VAN PUNTE** | **17–20** | **13–15** | **10–11** | **7–8** | **0–5** |

Kopiereg voorbehou